higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEP VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 4

(3011034**)**

22 November 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

NC(V)

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 In die sakewêreld kan die internet gebruik word om na verskaffers te soek.

1.1.2 'n Kontantvloeistaat is 'n manier om te bepaal hoeveel geld in en uit die onderneming uit vloei.

1.1.3 Masjinerie, toerusting, kantoormeubels en voertuie is voorbeelde van aanvangskoste.

1.1.4 Wanneer 'n mens geld leen moet jy die rentekoers wat gehef word oorweeg.

1.1.5 Bemarking en reklame moet eerlik en deursigtig wees.

1.1.6 Die Inkomstebelastingwet bepaal dat besighede op hul winste belasting moet betaal.

1.1.7 Werknemers moet 2% van hul verdienste aan die WVF oorbetaal.

1.1.8 Klante se eise beïnvloed winsgewendheid.

1.1.9 Tradisionele kostebepaling word gebruik om die kosprys van 'n produk te bepaal.

1.1.10 Lone is 'n voorbeeld van vaste koste.

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die woord of woorde in te vul wat ontbreek. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Gerief, sekerheid en voldoende bruikbare ruimte moet oorweeg word wanneer jy die … kies

1.2.2 Die verskil tussen verkoopswaarde wat uit 'n produk gegenereer word en die koste daarvan om die produk te produseer word … genoem.

1.2.3 Voorraad is 'n voorbeeld van 'n … -bate.

1.2.4 Geld wat by eksterne bronne geleen word en waarop rente betaal word, word … genoem.

1.2.5 'n Lening by familie en vriende word … genoem.

Kopiereg voorbehou

1.2.6 Interaksie met … word in die gedragskode ingesluit.

1.2.7 Die … is daarop gemik om vaardighede te ontwikkel, opleiding in die werkplek te verbeter en om werksoekers se indiensnemingsvooruitsigte te bevorder.

1.2.8 Sakeondernemings deurloop 'n aaneenlopende handelsiklus; dit word 'n … genoem.

1.2.9 'n Proses wat aan 'n verskeidenheid verskaffers die kans gee om 'n kwotasie te gee word die … genoem.

1.2.10 Huur is 'n voorbeeld van … koste.

(10 × 1) (10)

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

Lees die scenario hier onder en beantwoord VRAAG 2, 3 EN 4.

SANDRA SE MASSEERSALON



Sandra is 'n gekwalifiseerde masseuse en bedryf haar eie onderneming in Kaapstad. Van haar klante is uitvoerende beamptes van groot maatskappye en moet maandelikse afsprake vir kop-, nek- en skouermasserings maak. Haar klante sê dikwels dat hulle uitsien na die massering omdat dit hulle vir 'n rukkie verlos van die spanning van die sakewêreld.

Nadat sy 'n opname onder haar klante gedoen het, het Sandra besluit om haar onderneming uit te brei om masserings by die klante se sakepersele aan te bied. Sy gaan 'n groot vragmotor koop en uitrus om in haar behoeftes te voldoen. Sy sal die vragmotor as mobiele eenheid gebruik om masserings by haar klante se sakepersele aan te bied. Sandra sal bykomende personeel in diens moet neem om die vragmotor te bestuur en in die mobiele eenheid te werk.

Dit sal verseker dat haar klante minder reistyd sal bestee om haar perseel te besoek en sy sal meer klante kan bedien. Klante kan masserings tydens hul tee- en etenstye bespreek.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Verduidelik die term *finansiële risiko*. (2)

2.1.2 Gee TWEE voorbeelde van finansiële risiko wat op Sandra se onderneming van toepassing mag wees. (4)

2.1.3 Gee TWEE voorbeelde van die risiko wat met Sandra as werkgewer geassosieer kan word. (4)

2.1.4 Gee TWEE voorbeelde van risiko's wat met voorraad en ander bates in Sandra se onderneming verband hou. (4)

2.2 Teken 'n gelykbreekgrafiek wat die volgende aantoon: vaste koste, veranderlike koste, totale koste, inkomste uit verkope, wins, gelykbreekpunt. (6 × 2) (12)

2.3 Verduidelik kortliks TWEE items wat in die gedragskode vir Sandra se ondernemings ingesluit, en aan al die werknemers gekommunikeer moet word. (4)

[30]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik TWEE voordele van langtermynbanklenings aan Sandra. (4)

3.2 Verduidelik TWEE nadele van langtermynbanklenings aan Sandra. (4)

3.3 Verduidelik VIER doeleindes van die gedragskode wat Sandra met die nuwe werknemers moet bespreek. (8)

3.4 'n Sakeonderneming stel homself bloot aan wetlike gevolge indien enige wet of kontrak nie nagekom word nie.

Beskryf DRIE aksies wat teen 'n onderneming wat oortree geneem kan word. (6)

3.5 Verduidelik VIER beperkings wat Sandra met betrekking tot haar mobiele eenheid kan ervaar. (8)

[30]

VRAAG 4

4.1 Wanneer 'n finansiële instelling aanvullende sekuriteit versoek, moet die sekuriteit beoordeel word om te bepaal of dit aan sekere kriteria voldoen.

Beskryf DRIE kriteria waarvolgens finansiële instellings sekuriteit beoordeel. (6)

4.2 Verduidelik kortliks TWEE probleme wat Sandra in die gesig kan staar wanneer sy probeer om by die bank finansiering vir haar mobiele eenheid te bekom. (4)

4.3 Noem VIER veranderlike kostes wat Sandra in die bedryf van haar mobiele masseereenheid kan aangaan. (4)

Kopiereg voorbehou

4.4 Voltooi die kontantvloeistaat vir Sandra se Masseersalon vir September, Oktober en November. Skryf slegs die ontbrekende getalle langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.11) neer.

	SEPTEMBER	OKTOBER	NOVEMBER
Banksaldo aan die begin van die maand	30000	**(4.4.4)**	**(4.4.8)**
Inkomste			
Kontantverkope	35000	60000	70000
Kredietverkope	1800	1350	1200
Ander inkomste	2300	1900	1800
TOTALE INKOMSTE	**(4.4.1)**	**(4.4.5)**	**(4.4.9)**
Kontantbetalings			
Kontantaankope	10500	12800	13500
Maandelikse uitgawes	7800	9100	10000
Salaris & Lone	9500	13000	16000
TOTALE KONTANTBETALINGS	**(4.4.2)**	**(4.4.6)**	**(4.4.10)**
Banksaldo aan die einde van die maand	**(4.4.3)**	**(4.4.7)**	**(4.4.11)**

(16)
[30]

VRAAG 5

Lees die scenario hier onder en beantwoord VRAAG 5, 6 en 7.

WOW CLOTHING

WOW Clothing Manufacturers is 'n maatskappy in 'n landelike gebied. Hulle vervaardig 'n klerereeks wat gemik is op 'n teikenmark van 18 tot 28-jariges en verdien 'n inkomste van meer as R160 000 per jaar.

Hul verkope het onlangs gedaal aangesien groot klerehandelaars, wat hul belangrikste mededingers is, klere teen baie goedkoper uit Sjina kan invoer. WOW Clothing Manufacturers moes personeel besnoei om steeds te kon sake doen. As gevolg van 'n afname in verkope kan hulle nie nuwe masjinerie aankoop om die verouderde masjiene te vervang nie.

5.1 Skryf die volgende akronieme volledig uit:

5.1.1 BTW (1)

5.1.2 LBS (1)

5.1.3 SWOT (2)

5.2 Sakeondernemings het 'n regsverpligting om verskillende vorms van belasting te betaal.

Noem TWEE vorms van belasting wat sakeondernemings moet betaal. (2)

5.3 Noem VIER bronne van ekwiteitsfinansiering wat WOW Clothing Manufacturers kan oorweeg wanneer die besigheid na ander teikenmarkte uitgebrei word. (4)

5.4 Skryf die volgende afkortings volledig uit:

5.4.1 WBGV (OHSA)

5.4.2 WVF (UIF)

5.4.3 WDB (EEA)

5.4.4 WBDV (BCEA)

(4 × 1) (4)

5.5 Bespreek DRIE interne faktore wat prysbepalingsbesluite met betrekking tot WOW Clothing Manufacturers se winsgewendheid mag beïnvloed. (6)

5.6 Bespreek DRIE eksterne faktore wat prysbepalingsbesluite met betrekking tot WOW Clothing Manufacturers se winsgewendheid beïnvloed. (6)

5.7 Alle ondernemings in Suid-Afrika moet by die SAID (SARS) registreer wees.

Verduidelik TWEE regsgevolge wat WOW Clothing Manufacturers kan ervaar indien hulle nie by die SAID registreer nie. (4)

[30]

VRAAG 6

6.1 Beskryf TWEE moontlike verspreidingskanale wat WOW Clothing Manufacturers kan gebruik om hul produk te verkoop. (4)

6.2 WOW Clothing Manufacturers het besluit om regeringskemas wat klein sakeondernemings bystaan, te ondersoek.

Noem TWEE voordele van regeringskemas wat klein sakeondernemings kan bevoordeel. (2 × 2) (4)

6.3 Noem TWEE nadele van regeringskemas wat klein sakeondernemings kan bevoordeel. (4)

6.4 Bespreek VIER maniere wat WOW Clothing Manufacturers kan gebruik om werknemers te hanteer wat nie aan die gedragskode voldoen nie. (8)

6.5 Alle werknemers moet oor 'n dienskontrak beskik.

Noem SES items wat in 'n dienskontrak moet voorkom. (6)

6.6 Verduidelik TWEE invloede op risikobestuur met verwysing na die Inkomstebelastingwet wat WOW Clothing Manufacturers moet oorweeg. (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1 Noem VYF dokumente wat WOW Clothing Manufacturers sal nodig hê wanneer hulle vir 'n lening aansoek doen. (5)

7.2 Noem VIER belanghebbers waarop WOW Clothing Manufacturers se gedragskode van toepassing sal wees. (4)

7.3 Indien WOW Clothing Manufacturers besluit om hul onderneming uit te brei, sal hulle nuwe verskaffers nodig hê.

Noem SES maniere waarop hulle na nuwe verskaffers kan soek. (6)

7.4 Noem DRIE produkte wat WOW Clothing Manufacturers kan bekendstel om die onderneming uit te brei. (3)

7.5 Gebruik die volgende opskrifte om 'n eenvoudige gedragskode vir WOW Clothing Manufacturers op te stel:

Kinderarbeid en ouderdom
Niediskriminasie
Daaglikse hantering van mense
Waarheid met verwysing na reklame
Voldoening aan wette en regulasies (12)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 180
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou